

2 Maart

Skrifgedeelte: Eksodus 3:16 – 4:17
Fokusgedeelte: Eksodus 3:16; 4:1

Gaan sê: die Here IS!

Die Here IS – lewend teenwoordig. Dié werklikheid word aan Moses geopenbaar. Hiermee saam kom die opdrag om dit te gaan vertel. Die volk van die Here in Egipte moet weet die Here IS. Hulle moet weet dat Hy die God van Abraham, Isak en Jakob, ook hulle God is. Hy het Hom in genade aan Abraham en sy nageslag verbind. Hy is die Verbondsgod wat getrou sy beloftes hou (Gen. 15:13-14). Sy volk moet weet dat Hy hulle sien en hoor. Hulle moet weet dat Hy hulle uit hulle ellende gaan bevry. Hulle gaan wegtrek met goud en silwer na 'n land wat oorloop van melk en heuning. Hierdie blye nuus – die Here IS reddend teenwoordig en werkzaam – moet die volk hoor. Gaan, gaan vertel!

Tog is die boodskapper nie haastig nie. Hy is onwillig. Hulle sal my nie glo nie, sê Moses. Sy onwilligheid keer die Here nie om sy besluit deur te voer nie. Hy stel Moses in staat wondertekens te doen, drie tekens! Nou sal hulle jou glo, sê die Here. Nog is Moses onwillig. Ek kan nie goed praat nie, sê hy. Gaan! Ek IS – by jou. Ek sal jou help met die praat en leer wat om te sê, sê die Here. Ek wil nie Here, stuur iemand anders, sê Moses.

Die gesprek tussen die Here en Moses bevestig die oneindige genade waarmee die Here met mense handel. Onverstaanbaar is die mens se onwilligheid om die blye nuus te gaan vertel. Hoekom? Moses is net besig met homself: ek wil nie, ek kan nie. Waar 'n mens net met jouself besig is, gaan die wonder van die Here se reddende teenwoordigheid nie net vir ons nie, maar ook vir ander, by ons verby.

Genadiglik keer die mens se onwilligheid die Here nie om sy reddingsplan uit te voer nie. Die Here IS – lewend teenwoordig en Hy voer sy besluit deur. Hy red mense uit hulle ellende. Die blye nuus kan en moet ons ook vertel – kom ons doen dit!

Sing: Psalm 118:8; Skrifberyming 22:9, 10, 11 (1936); Psalm 9:1, 6; 96:1, 2; 145:2, 3 (2001)
Ds. FM Dreyer (Noordrand)